

Die vrae uit ou vraestelle, toetsvraestelle, en modelvraestelle is individueel gekies en uitgehaal vir

- **Kategorisering**

Dieselfde vraag kan by meer as een afdeling van die sillabus voorkom, of meer as een onderwerp van die sillabus toets – en dit is hoe dit hoort, Wiskunde bou gedurig voort op vorige vaardighede.

Uit die perspektief van hierdie eBoek, egter, kan die leerder 'n vraag verkeerd hê die eerste keer as dit teëgekem word, en wanneer dit later weer voorkom is dit 'n geleentheid om te toets of die vaardigheid intussen wel aangeleer is, en ook om te sien of die leerders wel die moeite doen om uit hulle foute te leer (*“FAIL – First Attempt In Learning”* en *“People who don't make any mistakes don't make anything”*)

- **Spelfoute en tikfoute**

Daar is heelwat spel- en tikfoute in die dokumente wat beskikbaar gestel is, en hierdie groepering van vrae gee ons ook die geleentheid om hierdie foute reg te stel

- **Gemak**

Indien daar by die leerder(s) 'n behoefte is om meer vaardig te word in 'n spesifieke onderwerp bied hierdie kategorisering die ideale geleentheid om dit te doen.

Finansiële Wiskunde

- 1) 'n Sak lemoene bevat 22 lemoene en kos R20,00. Hoeveel wins kan ek maak as ek elke lemoen vir R1,50 verkoop?
- 2) Die volgende tabel toon die belasting aan wat 'n persoon moet betaal per jaar.

BELASBARE INKOMSTE

R0 – R80 000
 R80 000 - R120 000
 R120 000 – R160 000
 R160 000 – R220 000
 R220 000 en meer

BELASTINGKOERS

18%
 R12 000 + 20% van die bedrag bo R80 000
 R20 000 + 25% van die bedrag bo R120 000
 R30 000 + 30% van die bedrag bo R160 000
 R42 000 + 35% van die bedrag bo R220 000

- a) Hoeveel belasting moet 'n persoon betaal as sy belasbare inkomste per jaar die volgende is:
 - i) R75 000
 - ii) R97 500
 - iii) R150 000
 - iv) R300 000
- b) Gebruik die tabel om die onderstaande te voltooi.

Belasbare Inkomste	R140 000		R230 000
Belasting		R16 000	

- 3) Die prys van 'n selfoon het vermeerder van R1500,00 na R1740,00. Wat is die persentasie vermeerdering?

- 4) Temoso belê R1 500,00 vir twee jaar teen 11% p.j. enkelvoudige rente (ER) Wat is haar belegging werd aan die einde van die tweede jaar?

- 5) R2 750 word belê vir 7 jaar teen 11,5% p.j. saamgestelde rente.
 - a) Bereken hoeveel die belegging werd is na hierdie periode.

 - b) Bereken die bedrag rente wat verdien is op hierdie belegging.

- 6) Bereken die finale bedrag en rente verdien as R9500 belê word vir 8 jaar teen 'n rentekoers van ...
 - a) 12% per jaar kwartaalliks saamgestel

 - b) 8% per jaar halfjaarliks saamgestel

 - c) 6,5% per jaar maandeliks saamgestel

 - d) 7,25% per jaar jaarliks saamgestel

- 7) Die selfoontariewe gedurende spits tyd word in die onderstaande tabel gegee. Voltooi die tabel.

Aantal Minute	2	4	6	8	x
Koste	R1,60	R3,20			R16,00

- 8) As 3kg aartappels R24 kos, wat sal 7 kg aartappels kos?

- 9) As 15 appelkose R5,60 kos, hoeveel appelkose sal R10,08 kos?
- 10) Siphon betaal R605,50 vir 70ℓ brandstof. Wat het die brandstof per liter gekos?
- 11) Hoeveel sal een kilogram ham kos as 0,35kg ham R25,10 kos?
- 12) As 12,5 kg suiker R90 kos, hoeveel sal 7,2 kg suiker kos?
- 13) 6 seuns dra elkeen R155,50 by om 'n tent te koop. Bereken hoeveel elkeen moet bydra indien daar 10 seuns in die groep is.
- 14) Hoe lank sal dit neem vir 'n belegging van R3000 teen 8% enkelvoudige rente per jaar om R960 rente te verdien?
- 15) Bereken wat R10 000 sal werd wees as dit belê word teen 10% saamgestelde rente per jaar vir 3 jaar.
- 16) Bongile belê R12 000 in 'n spaarrekening teen 6,5% per jaar saamgestelde rente. Bereken hoeveel daar na 5 jaar in die rekening sal wees.
- 17) Philani het 'n motorfiets vir R15 000 gekoop. Hy het 15% van die bedrag in kontant betaal en 'n huurkoop-ooreenkoms onderteken om die balans in 24 gelyke maandelikse paaieimente te betaal. Die rentekoers is 10% per jaar.
 - a) Hoeveel het hy in kontant betaal?
 - b) Bereken die totale bedrag wat hy nog moet betaal.
 - c) Bereken die maandelikse paaieiment.

- 18) Bereken die rente op 'n belegging van R6 500 as dit vir 3 jaar belê word teen 7,5% saamgestelde rente per jaar.
- 19) Nomsiepa wil 'n nuwe motor te koop. Hy kan bekostig om R35 000 te betaal as 'n deposito.
- As al die motors verkoop word met 20% deposito, wat is die prys van 'n motor wat hy kan bekostig om te koop?
 - Bereken die totale bedrag wat hy nog moet betaal nadat hy die 20% deposito betaal het.
 - As die rentekoers 10% per jaar enkelvoudige rente is, bereken die maandelikse paaierement indien hy 'n huurkoop-ooreenkoms teken om die balans in 48 gelyke maandelikse paaieremente te betaal.